

Die Uitdaging

Skrywer: *Edith Kriel*

Kunswerk: *Bernice Miya*

Tema: *Keuse tussen reg en verkeerd; om nie ander seer te maak nie*

Gepaste ouderdomsgroep: *Alle ouderdomme*




Dit het als begin toe Haai Skilpad se vriend geword het. Voor dit was daar nooit eintlik moeilikheid nie. Skilpad het meeste van sy tyd spandeer om lui in die see te swem en nou en dan 'n vis te vang wanneer hy honger raak. Maar vandat Haai sy vriend geraak het het dinge begin verander. Skilpad het baie avonture gehad...




Haai en Skilpad het dit geniet om poetse te bak. Hulle het Seewier geterg deur om haar lang blare in koeke te knoop. Hulle het die ingang tot Paling se slaappgat geblok. Hulle het Narvis se eiers weggesteek. Hulle het Anemoon gekielie. Hulle het borrels geblaas vir die verbygaande Inkvisse.

Haai en Skilpad het gedink hulle poetse is skadeloos maar die ander seediëre het opgewerk geraak. Dinge het erger geword toe Haai vir Skilpad lelike goed geleer het – byt, krap, en vat aan die ander diertjies in maniere wat hulle nie van hou nie. Toe die ander diertjies hulle smeek om op te hou het Haai en Skilpad net gelag en gelag.

Selfs wanneer Skilpad alleen was het hy lelike poetse gebak. Hy het een van Ster se beentjies gebreek, hy het in aspris in Jellievisse gebots, hy het gesnap na Garnale, hy het bloublasies gebars en op Oesters getrap. Toe Seeperdjie vra: "Hoekom is jy so lelik met ons?" het Skilpad geantwoord: "Weet jy dan nie? Dit is wat Seeskilpaaie doen vir pret. As jy durf om oor my te gaan klik





dan sal jy jammer wees! Ek sal jou kry!" Toe iemand vir sy ma gaan sê het, het Skilpad leuens vertel: "Dit was nie ek nie! Dit is Seekat en Inkvis wat al die moeilikheid veroorsaak".

Skilpad het al sy goeie vriende een vir een verloor, want hy het aanhou aaklige dinge doen – hy kon net nie ophou nie. Haai was sy enigste vriend.

Op 'n dag was Haai en Skilpad lelik met Baba Rob toe Dolfyn aankom met 'n silwer flits. Sy het reguit na Haai geswem en hom met die kop gestamp. Sy vat toe Baba Rob in haar vin en troetel hom tot hy rustiger voel. Haai het blitsvinnig weggeswem en Skilpad op sy eie gelos. Dolfyn sê toe: "Jong Skilpad, jy beweeg nie tot ons hierdie uitgesorteer het nie, hoor!" en Skilpad doen toe soos sy sê. Hy het nie meer gevoel asof hy wil lag nie.

Dolfyn vra Baba Rob: "Wat het gebeur wat jou so ontstel het?" Hy hou toe op huil om haar te vertel: "Ek voel bang en dom as Haai en Skilpad my terg. Niemand wil meer vriende wees met hulle nie want hulle maak ons seer". Dolfyn gee toe vir Baba Rob 'n drukkies en stuur hom terug na sy ma.

Sy draai toe terug na Skilpad en sê: "So, jong een, jy dink jy is slim en snaaks. Ek weet Haai het jou geleer om hierdie speletjies te speel en miskien dink jy dis pret maar om ander diertjies seer te maak is verkeerd. Jy is groter en sterker as hulle maar dit gee jou nie die reg om lelik en wreed te wees nie".

Skilpad het gedink: "Wanneer gaan sy ophou geraas maak? Wie gee om as die ander ontsteld raak?" Dolfyn het gesien dat hy nie luister nie. Sy het in 'n streng stemtoon gesê: "Skilpad, ek daag jou uit



om my te wys dat jy werklik sterk en magtig is. Moenie enige see diertjies seermaak in 'n hele week nie". En met dit het Dolfyn weggeswem.

"Wel," dink Skilpad, "ek kan dit maklik doen – dit is glad nie 'n uitdaging nie". Maar orals waarheen hy gaan sien hy geleenthede om stoute dinge aan te jaag. 'n Hele paar keer het hy ampertjies ampertjies iets lelik gedoen. Wanneer stoute dinge in sy gedagtes opkom het hy vir homself gesê: "EK KAN magtig wees in 'n goeie manier. Ek KAN. Ek KAN. Ek KAN!" Dan swem hy weg en probeer beter dinge vind om te doen. Hy was geskok om te sien hoe baie lelike dinge hy gewoonlik in 'n dag gedoen het.

Dit was ekstra moeilik toe Haai kom kuier het en hulle ou speletjies wou speel. Haai het gesê: "Jy is so vervelig deesdae – waar is jou gees vir avontuur?" Daar was tye wanneer Skilpad baie graag iets regtig lelik wou doe nom homself aan Haai te bewys maar dan dink hy aan die uitdaging en swem weg.

Na 'n week het Dolfyn weer teruggekom en Skilpad het haar vertel: "Die uitdaging was regtig moeilik vir my maar ek het dit reggekry". Dolfyn het haar breë dolfyn glimlag gewys en gesê: "Ek is trots op jou. Dit is regte krag en magtigheid: om vriendelik en goedhartig te wees met die wat rondom jou is, en om om te gee oor ander soveel soos wat jy omgee vir jouself". En toe met 'n swaai van haar magtige stert het Dolfyn verdwyn. Op dieselfde tyd het Skilpad gehoor hoe Haai hom roep en hy het net geglimlag en in die ander rigting gewem.



?